GRONDWET

SOOS GEWYSIG DEUR DIE
LANDSBERAAD OP
8 OKTOBER 2010
TE BETHLEHEM
EN 13 OKTOBER 2012
TE NEWCASTLE
EN 14 MAART 2014
TE BETTYSBAAI
EN 19 MAART 2016
TE GRAHAMSTAD
EN 19 MEI 2018
TE STRUWIG-EKORESERVAAT
EN 14 MAART 2020
TE KROONSTAD
EN 13 MAART 2022
TE RUSTENBURG

AANHEF

DIE DOEL VAN HIERDIE GRONDWET IS OM VOORSIENING TE MAAK VIR DIE VOLGENDE SAKE:

Om die werksaamhede van die Rapportryerbeweging (RRB) uit te brei en hulle ledetal te verhoog sonder om afbreuk te doen aan die aanvanklike bestaande doelstellings, visie, missie of doelwitte van die Beweging, veral met betrekking tot betrokkenheid by die jeug, en sonder om die Beweging te ontbind of andersins tot niet te laat gaan;

Om die organisasie se visie, missie en doelstellings in `n nuwe Grondwet te beliggaam wat voldoen aan die vereistes van die land se Grondwet, Wet 108 van 1996;

Om, ingevolge artikels 30 en 31 van Wet 108 van 1996, kulturele leefruimte te skep vir elke Afrikaner met betrekking tot die handhawing, uitbouing en uitlewing van die Afrikaanse taal, die Afrikanervolk se jeug, kultuur, godsdiens, waardes en tradisies, vanaf elke Afrikaner se geboorte tot by sy/haar oorlye.

WOORDOMSKRYWINGS

Die woordomskrywing in hierdie Grondwet, tensy anders uit die samehang, beteken:

Afgevaardigdes	Amptelike verteenwoordigers van Korpse.
Audi alteram partem-reël	Hoor die ander kant van die saak.
Beweging	Rapportryerbeweging, soos herbenaam deur die Junior Rapportryerbeweging voor inlywing van die lede van die ontbinde Federasie vir Rapportryerkorpse by die herbenaamde beweging in 1999.
Dagbestuur	Komitee verantwoordelik vir dag tot dag sake.
Finansiële jaar	1 Januarie tot 31 Desember van dieselfde Jaar.
Hoof- Administratiewe Beampte	Beampte in beheer van die hoofkantoor se administrasie.
Hoofkantoor	Sentrale kantoor wat ledestelsel beheer.
Huishoudelike reglement	'n Korps se grondwet.
Jeug en Jongmenssake-komitee	Die komitee wat getaak is om spesifiek die sake te hanteer wat betrekking op die jeug het.
Korps	Plaaslike tak van die Rapportryers.
Landsberaad	Afgevaardigdes van korpse; Hoogste besluitnemende gesag.
Ledesakekomitee	Die komitee wat alle sake hanteer t.o.v. lede, soos ledewerwing, lidmaatskap en tugsake.
Lid	Persoon wat aan alle lidmaatskapvereistes voldoen en by Hoofkantoor geregistreer is.

Lidmaatskapgelde	Jaarlikse heffing/gelde bepaal deur die Rapportryerraad wat op 1 Januarie gehef word en betaalbaar is voor die einde van Maart, of die einde van die maand wat die Landsberaad voorafgaan, welke ookal die eerste is. Betaalde ledegeld is nie terugbetaalbaar nie.
Nominasie	Skriftelike voorstelling, sekondering en aanvaarding.
President	Die Leier van die Rapportryerbeweging; Voorsitter van die Landsberaad, Rapportryerraad en Dagbestuur.
Provinsies	Die nege streke waarin die Republiek van Suid-Afrika verdeel is.
Rapportryerraad	Raad bestaande uit die voorsitters van die provinsies, President en Vise-President van die Beweging, en indien nodig ‘n Sekretaris en Penningmeester, asook enige gekoöpteerde lede en/of amptenare.
Regspersoon	Liggaam wat in geregtelike sake as `n persoon beskou word.
Sekretaris	Sekretaris van die Rapportryerraad, Landsberaad en Dagbestuur wat ook die Hoof- Administratiewe Beampte van die Beweging kan wees.
Sekundus	Tweede afgevaardigde as hulp.
Termyn	Die periode tussen twee agtereenvolgende Landsberade.
Tug	Ondersoek, vermaning, teregwysing, strafmaatreëls.

1. NAAM

Die naam van die organisasie is die Rapportryerbeweging, hierna *die Beweging* genoem.

2. GRONDSLAG

Die Beweging berus op ’n Christelik-Afrikaanse grondslag.

3. STREWE

3.1 Die Rapportryerbeweging streef daarna om:

Die Afrikaanse taal, sedes en gewoontes soos geopenbaar in sy Christelike geloof, geskiedenis en tradisies te ontwikkel, uit te leef, te handhaaf en te bevorder, met die jeug en gesonde gesinsbande as vertrekpunt;

Patriotisme en ‘n lojale samehorigheidsgevoel in eie geledere en onder almal wat die Rapportryerbeweging se grondslag en doelstellings aanvaar, te bevorder.

3.2 LEUSE

Die leuse van die Rapportryerbeweging ondersteun die wese van die Beweging en is dus soos volg verwoord:

DRAERS VAN DIE BOODSKAP

3.3 DOELSTELLINGS

Ons doel en strewe is om as Beweging in eie reg, maar ook in samewerking met ander organisasies van die Afrikanerkultuur-huishouding deur middel van strategiese vennootskappe die onderstaande na te streef:

3.3.1 Die uitleef en handhawing van ‘n Christelike lewens- en wêreldbeskouing;

3.3.2 Die handhawing van die Afrikanerkultuur op alle lewensterreine deur dit dinamies en lewendig te hou;

3.3.3 Opregte vaderlandsliefde en optrede in die beste belang van Suid-Afrika;

3.3.4 Onderlinge samehorigheid;

3.3.5 ‘n Gesonde selfbeeld en trots op die eie Afrikaner-identiteit;

3.3.6 Samewerking met ander bevolkingsgroepe en kulture in harmonie en verdraagsaamheid;

3.3.7 Om ‘n maksimale kultuurleefruimte vir die Afrikaner te skep en te handhaaf ;

3.3.8 Om Afrikaans as moedertaal op alle lewensterreine te koester, te bewaar en te bevorder;

3.3.9 Die Afrikaner se ideale, sedes, gewoontes, tradisies en gedenkwaardighede soos uit ons geskiedenis aan ons oorgedra, te omskryf, te onderskryf, bekend te maak en te handhaaf;

3.3.10 Diensbaar te wees op elke lewensterrein in die plaaslike gemeenskap;

3.3.11 Samehorigheid onder Afrikaners te bevorder deur die handhawing en bewaring van gesonde gesinsbande en familiewaardestelsels, asook sosiale verkeer met mede-Afrikaners te bevorder en hegte vriendskapsbande te sluit;

3.3.12 Om spesifiek aandag te gee aan die bevordering van bogenoemde doelstellings onder die Afrikanerjeug.

3.4 UITVOERING

Ter uitvoering van die bepalings van subartikels 3.1. en 3.3. word voorsien dat die Beweging hom sal besig hou met 'n verskeidenheid van take wat, onder andere, die volgende insluit:

3.4.1 Om die bestaande ledetal uit te brei en nuwe Rapportryerskorpse te stig;

3.4.2 Om die bestuur en werksaamhede van die Rapportryerskorpse te koördineer, te stimuleer en leiding te gee met betrekking tot die beleid, strewe, aksies en projekte;

3.4.3 Om vraagstukke van die dag te bespreek, inligting daaromtrent in te samel, standpunt in te neem, te formuleer en in die openbaar te stel;

3.4.4 Om as gespreksforum te dien oor alle sake wat verband hou met die doelstellings van die Beweging;

3.4.5 Om take van nasionale, provinsiale en plaaslike belang wat met die doelstellings van die Beweging verband hou, te onderneem;

3.4.6 Om fondse in te samel, te beheer en te bestee ter bevordering van enige van die Beweging se doelstellings of strewes;

3.4.7 Om toepaslike projekte aan te pak en te koördineer tot voordeel van die jeug met die oog op die ontwikkeling van leierskap en vaardighede;

3.4.8 Om inligting oor enige aspekte wat deur verskillende korpse ingesamel word, vir alle lede beskikbaar te stel.

3.5 STRATEGIESE POSISIONERING

Ten einde in staat te wees om die diversiteit van take soos hierbo uiteengesit te kan nakom, is dit belangrik dat die Beweging homself op elke vlak (nasionaal, provinsiaal en plaaslik) baie duidelik sal posisioneer en onomwonde sal weet op watter terreine opgetree kan en moet word. Die volgende riglyne geld:

3.5.1 Die Rapportryers is primêr plaaslik werksaam en verteenwoordigend van plaaslike belange en behoeftes;

3.5.2 Die Rapportryers beywer hulle vir die aktiewe uitlewing van die oortuigings, passie en finansiële vermoëns van álle lede en nie net 'n deel daarvan nie;

3.5.3 Netwerk korpse en aansporing van lede om ook boodskap-draers vir ander Afrikanerorganisasies te wees wat nie op plaaslike vlak funksioneer nie;

3.5.4 Die Rapportryers bied 'n kulturele tuiste vir almal wat Afrikaanssprekend is en ons grondslag, strewe en doelstellings ondersteun en onderskryf;

3.5.5 Die Rapportryerbeweging verbind hom nie aan enige politieke party nie en raak ook nie betrokke by partypolitieke kwessies nie. Individuele lede word egter aangemoedig om hul demokratiese plig na te kom deur in persoonlike hoedanigheid en nie as lede van die Beweging nie, die politieke party van hul keuse daadwerklik te ondersteun.

4. TAALMEDIUM

Die amptelike taal van die Beweging is Afrikaans.

5. SAMESTELLING

5.1 Die Beweging is `n onafhanklike Afrikaanse kultuurorganisasie wat uit soveel lede bestaan as wat lidmaatskap het in terme van hierdie Grondwet.

5.2 Lede word ingeskakel by korpse wat op geografiese grondslag funksioneer.

5.3 Meer as een korps mag in dieselfde omgewing bestaan.

5.4 Korpse word volgens provinsies ingedeel.

5.5 Verdeling, subverdeling of samevoeging van provinsies sal deur die Rapportryerraad bepaal word volgens omstandighede.

5.6 Waar daar nie ’n korps bestaan nie, kan lede aan die Hoofkantoor- korps behoort.

5.7 Korpse kan ook buite die grense van Suid-Afrika gestig word.

6. LIDMAATSKAP

6.1 Lidmaatskap van die Beweging word toegeken aan persone wat:

6.1.1 `n Belydende Christen is;

6.1.2 Afrikaanssprekend is;

6.1.3 Hulle met die doelstellings van die Beweging vereenselwig;

6.1.4 Toetrede en lidmaatskapgelde op datum betaal het;

6.1.5 Nie lid is van `n organisasie waarvan die Grondwet strydig is met dié van die Beweging nie;

6.1.6 Die bepalings van hierdie Grondwet onderskryf.

6.2 Lidmaatskap word toegeken deur `n korps of Hoofkantoor indien die kandidaat aan bogenoemde vereistes voldoen en aangedui het dat hy/sy ‘n lid wil word, die Grondwet en doelstellings onderskryf en by Hoofkantoor geregistreer is.

7. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

Lidmaatskap van die Beweging word beëindig:

7.1 Deur die skriftelike bedanking van `n lid;

7.2 Indien die lid in gebreke bly om sy geldelike verpligtinge na te kom;

7.3 Deur die Rapportryerraad op aanbeveling van die Dagbestuur, na konsultasie met die Ledesakekomitee en die korps.

8. REGSPERSOONLIKHEID

8.1 Die Beweging is `n regspersoon.

8.2 Nieteenstaande enige bepaling in die huishoudelike reglement van `n korps, mag geen lid of korps sonder die Rapportryerraad se skriftelike toestemming by `n regsgeding betrokke raak en sodoende die Beweging daardeur bind nie.

8.3 Die Beweging keer nie enige van sy winste uit aan sy lede nie.

9. RAPPORTRYERSTRUKTUUR

9.1 DIE LANDSBERAAD

9.1.1 Die Landsberaad is die hoogste besluitnemende gesag.

9.1.2 Enige lid van die Beweging mag die Landsberaad as waarnemer bywoon.

9.1.3 Verkose lede van die Rapportryerraad het spreek- en stemreg. Elke lid het slegs een stem.

9.1.4 Korpse vaardig twee lede af met volle stemreg per ledetal van tien lede of minder, met `n verdere afgevaardigde vir elke volgende tien opbetaalde lede.

9.2 BEVOEGDHEDE EN VERPLIGTINGE VAN DIE LANDSBERAAD

9.2.1 Die Landsberaad het die bevoegdheid om besluite te neem, wat bindend is op alle lede en korpse.

9.2.2 Die Landsberaad moet tydens `n vergadering die volgende aspekte hanteer:

9.2.2.1 Beskrywingspunte, mosies en voorgestelde grondwetwysigings wat nie later nie as 60 dae voor die aanvang van die Landsberaad aan die Dagbestuur voorgelê moet word;

9.2.2.2 Die termynverslag;

9.2.2.3 Goedkeuring van die geouditeerde state van die Beweging;

9.2.2.4 Verkiesing van die Rapportryerraad en komitees;

9.2.2.5 Enige sake wat die Rapportryerraad `n prioriteit ag;

9.2.2.6 Verslag van die President oor die uitvoering van vorige Landsberaadbesluite.

9.3 VERGADERINGS VAN DIE LANDSBERAAD

9.3.1 Die Landsberaad vergader elke tweede jaar, maar nie later as November nie.

9.3.2 Die Rapportryerraad moet ‘n buitengewone Landsberaad belê by ontvangs van ‘n versoekskrif wat deur ten minste een vyfde van die lede van die Beweging onderteken is, en waarin die doel van die vergadering uiteengesit is.

9.3.3 Indien daar grondige redes bestaan waarom die Landsberaad nie binne die voorgeskrewe tydperk kan vergader nie, kan die Rapportryerraad alle korpse skriftelik versoek om aan te dui of hulle ten gunste is van die uitstel van die vergadering, al dan nie. Indien twee derdes van alle korpse hul goedkeuring uitspreek, kan die Landsberaad uitgestel word.

9.3.4 Die vergadering word skriftelik aangekondig 90 dae voor die aanvang van die vergadering met vermelding van datum, tyd en plek.

9.3.5 `n Kworum bestaan uit een derde van die afgevaardigdes van al die korpse.

9.3.6 Indien daar nie `n kworum teenwoordig is nie, verdaag die vergadering vir `n halfuur, waarna die aanwesiges `n kworum vorm. In so `n geval het die Landsberaad nie die gesag om enige wysigings aan die Grondwet aan te bring, of om die Beweging te ontbind nie. Wysigings kan slegs per referendum óf op die volgende Landsberaad plaasvind.

9.3.7 Die President tree op as voorsitter. In sy afwesigheid tree die Vise-President op as voorsittende beampte. Die President mag egter hierdie posisie na goeddunke tydelik aan ‘n ander Raadslid delegeer, ten einde aan ander take op die Landsberaad aandag te gee. Die sekretaris van die Rapportryerraad tree op as sekretaris van die Landsberaad.

9.3.8 In die geval van staking van stemme, het die voorsitter benewens sy gewone stem, ook `n beslissende stem.

9.3.9 Slegs opbetaalde lede mag benoem word as afgevaardigdes.

9.3.10 Afgevaardigdes moet fisies teenwoordig wees by die Landsberaad, alvorens stemreg uitgeoefen mag word.

9.4 BUITENGEWONE VERGADERINGS VAN DIE LANDSBERAAD

9.4.1 `n Buitengewone Landsberaad ingevolge die bepalings van subartikel 9.3.2, word alleen belê na skriftelike kennisgewing daarvan met vermelding van die plek, datum, tyd en besonderhede van die sakelys. Sodanige kennisgewing moet gerig word aan die sekretaris van elke korps, en moet minstens 60 dae voor sodanige buitengewone Landsberaad gedoen word.

9.4.2 Die nie-ontvangs van ‘n kennisgewing genoem in subartikel 9.3.4 maak nie die verrigtinge en besluite van ‘n buitengewone Landsberaad ongeldig nie.

9.4.3 Die bepalings van subartikel 9.2 is nie van toepassing op ‘n buitengewone Landsberaad nie.

9.4.4 By `n buitengewone Landsberaad kan slegs die sake waarvoor dit belê is, behandel word.

10. DIE RAPPORTRYERRAAD

Die uitvoerende gesag van die Beweging berus in die Rapportryerraad wat die sake van die Beweging deur middel van ‘n sekretariaat behartig.

10.1 SAMESTELLING VAN DIE RAPPORTRYERRAAD

10.1.1 Tydens ‘n Provinsiale vergadering waarop alle korpse binne `n spesifieke provinsie verteenwoordig word, en wat plaasvind vóór die volgende Landsberaad, word vir elke provinsie ‘n voorsitter en ondervoorsitter verkies.
Die provinsiale voorsitters word op die volgende Landsberaad voorgestel as die verkose provinsiale verteenwoordigers in die Rapport-ryerraad met die ondervoorsitters as hulle sekundi.

10.1.2 Tussentydse vakatures in provinsiale besture word by wyse van ‘n posstemming gevul.

10.1.3 Die provinsiale verteenwoordigers verkies die President, Vise-President, en indien nodig ‘n Sekretaris en Penningmeester uit vooraf genomineerde kandidate, wat volwaardige lede van die Beweging is, en met hulle skriftelike instemming.

10.1.4 Indien die verkose President en die Sekretaris ‘n provinsiale verteenwoordiger is, sal die verkose sekundi van die betrokke provinsies vir die duur van President of die Sekretaris se ampstermyn, optree as provinsiale verteenwoordigers op die Rapportryerraad en dus ook as provinsiale voorsitters.

10.1.5 Die provinsiale voorsitters vorm saam met die President, Vise-President, Sekretaris en Penningmeester, asook enige gekoöpteerde lede en/of amptenare, die Rapportryerraad. Die Sekretaris, en Penningmeester kan een en dieselfde persoon wees.

10.1.6 ‘n Hoof- Administratiewe Beampte, wat voltyds of deeltyds deur die Rapportryerraad aangestel word, kan as sekretaris in die plek van ‘n termyngebonde verkose Sekretaris en Penningmeester op die Rapportryerraad dien. (Sien ook Artikel 16 – Amptenary).

10.1.7 Indien daar ‘n vakature vir President binne sy ampstermyn ontstaan, neem die Vise-President hierdie ampsposisie in, en indien die Vise-President in hierdie omstandighede ook ‘n provinsiale voorsitter is, neem sy verkose sekundus sy plek as Rapportryerraadslid vir daardie provinsie in.

10.1.8 Indien ‘n provinsiale voorsitter as Vise-President binne sy ampstermyn verkies word, en indien hy sou verkies om nie die twee ampsposisies tegelyk te beklee nie, sal sy verkose sekundus die amp as provinsiale voorsitter oorneem vir die duur van sy ampstermyn.

10.1.9 Die Rapportryerraad kan ’n maksimum van 8 (agt) lede koöpteer om kundigheid toe te voeg, ingeval bestaande verkose raadslede nie self verantwoordelikheid vir sekere kundigheidsportefeuljes kan hanteer nie.

10.1.10 Die Rapportryerraad kan sy samestelling wysig deur provinsies saam te voeg of provinsies te verdeel, soos omstandighede en praktiese uitvoerbaarheid dit vereis.

10.2 AMPSTERMYN VAN DIE RAPPORTRYERRAAD

10.2.1 Die ampstermyn van ‘n Rapportryerraadslid is een termyn en duur van die eerste Rapportryerraadsvergadering ná die Landsberaad tot die Rapportryerraadsvergadering tydens die daaropvolgende Landsberaad.

10.2.2 Rapportryerraadslede (insluitende die President /voorsitter) is herkiesbaar.

10.2.3 Behalwe die bepalings van hierdie artikel, beëindig ‘n lid van die Rapportryerraad sy dienste indien hy:

10.2.3.1 Skriftelik kennis gee dat hy sy amp neerlê of nie meer lid van ‘n korps is nie;

10.2.3.2 Na die oordeel van die Rapportryerraad nie langer bevoeg is om in die Rapportryerraad te dien nie en daar ooreenkomstig artikel 18 van hierdie Grondwet teen hom opgetree is; en

10.2.3.3 Indien hy uit sy provinsie verhuis en nie meer lid van ’n korps is binne die provinsie wat hy verteenwoordig nie.

10.3 VERGADERINGS VAN DIE RAPPORTRYERRAAD

10.3.1 Behoudens die bepalings van hierdie Grondwet sit die Rapportryerraad die werk van die Landsberaad voort op 'n wyse wat hy noodsaaklik en geskik ag en met inagneming van die algemene beleid, opdragte en besluite van die Landsberaad, met dien verstande dat enige beslissing of optrede van die Rapportryerraad deur die Landsberaad hersien mag word.

10.3.2 Die Rapportryerraad vergader so dikwels as wat die voorsitter dit noodsaaklik ag, maar minstens twee keer per jaar, met inagneming van onkoste en beskikbare fondse.

10.3.3 Die President moet 'n buitengewone Rapportryerraads-vergadering belê binne ses weke na ontvangs van 'n versoekskrif, gerig aan die President of die Sekretaris / Hoof- Administratiewe Beampte, en deur ten minste vier lede van die Rapportryerraad onderteken, waarin die doel van die vergadering uiteengesit is.

10.3.4 Die Rapportryerraad moet volledig notule hou van die verrigtinge en besluite van al sy vergaderings.

10.3.5 Slegs verkose lede van die Rapportryerraad het stemreg op enige vergadering van die Rapportryerraad en Dagbestuur.

10.3.6 Die Rapportryerraad het die reg om vir sodanige doeleindes as wat nodig geag word, komitees aan te stel en te ontbind.

10.3.7 Die Rapportryerraad keur die notule van die Landsberaad goed en gee uitvoering aan die besluite.

11. METODE VAN STEMMING

Op enige vergadering in hierdie Grondwet genoem, word 'n voorstel aan stemming in die vergadering onderwerp deur opsteek van hande met dien verstande dat stemming per stembrief moet plaasvind, indien die meerderheid van die vergadering dit aanvra. By die verkiesing van lede en ampsdraers van die Rapportryerraad geskied die stemming altyd per stembrief.

12. HANDELINGSBEVOEGDHEDE

12.1 Die Rapportryerraad is by magte en bevoeg om in die naam van die Beweging die volgende handelinge te verrig:

12.1.1 Te koop, verkoop, huur, verhuur, verruil, te transporteer, te ontvang by wyse van geskenk of andersins te skenk, roerende en onroerende bates te besit, insluitende aandele, fondse van die Beweging te belê in verbande, vaste deposito's of andersins, by geregistreerde finansiële instellings te belê;

12.1.2 Om geld te leen teen sekuriteit van die roerende en onroerende bates van die Beweging, en om verbande daarop te registreer;

12.1.3 Om regsgedinge in te stel en te verdedig ten behoewe van die Beweging, en om vir daardie doel die nodige volmagte te onderteken en uit te voer;

12.1.4 Om behoudens die bepalings van hierdie Grondwet, en met inagneming van die doelstellings van die Beweging, reglemente en regulasies op te stel en die voorskrifte en prosedure te bepaal vir die hou van enige vergadering van die Rapportryerraad, of enige komitee aangestel ingevolge hierdie Grondwet;

12.1.5 In eie naam bankrekeninge by enige finansiële instelling te open;

12.1.6 Die jaarlikse lidmaatskapgelde te bepaal;

12.1.7 Alle besluite met betrekking tot die koop en verkoop van vaste eiendom, met `n twee derde meerderheid van stemme te bekragtig.

13. DAGBESTUUR

13.1 Die Dagbestuur van die Beweging bestaan uit die President, Vise-President, Penningmeester en Sekretaris, of in die plek van laasgenoemde twee portefeuljes ‘n Hoof- Administratiewe Beampte, voorsitters van staande komitees en amptenare, soos benodig deur die Rapportryerraad.

13.2 Die Dagbestuur het dieselfde bevoegdhede as die Rapportryerraad betreffende die bestuur van dag tot dag sake.

13.3 Alle optredes en besluite moet voorgelê word vir bekragtiging by die volgende Rapportryerraadsvergadering.

14. PROVINSIALE RADE

`n Raad, bestaande uit die bestuur en verteenwoordigers van verskillende korpse, staan die provinsiale voorsitter by met die bestuur van provinsiale sake en die invordering van ledegelde.

15. JEUG EN JONGMENSSAKE

Alle jeug- en jongmenssake van die Beweging word deur ‘n aangewese raadslid of spesiaal gekoöpteerde lid hanteer. Vir hierdie doel kan die Raad ‘n Jeug- en Jongmenssake-komitee met eie uitvoerende magte saamstel.

16. AMPTENARY

16.1 Die Rapportryerraad is bevoeg om enige persoon of liggaam heeltyds of deeltyds, met of sonder vergoeding, in diens te neem op sodanige voorwaardes as waartoe onderling ooreengekom word.

16.2 `n Amptenaar wat in diens van die Beweging is, verstrek inligting, lewer kommentaar en gee wenke, maar so 'n amptenaar het geen stemreg op enige vergadering nie.

16.3 Alle inligting rakende die Beweging word as vertroulik deur amptenare geag.

17. FINANSIËLE JAAR, OUDITERING FINANSIËLE BESTUUR

17.1 Die finansiële jaar van die Beweging strek van 1 Januarie tot 31 Desember van die betrokke kalenderjaar.

17.2 Rekords wat die geldelike transaksies van die Beweging weerspieël, moet deur die Rapportryerraad gehou word, en alle sodanige boeke moet jaarliks geouditeer word. Die Rapportryerraad behandel en keur die finansiële state goed.

17.3 Die Landsberaad stel 'n amptelike ouditeur aan.

17.4 Die Beweging is geregistreer as 'n "Nie-winsgewende Organisasie" en wel met die volgende registrasienommer: **024 – 594 – NPO**.

17.5 Die Rapportryerraad stel elke jaar 'n volledige begroting op wat aan die begin van die finansiële jaar voor die einde van Maart met behoorlike motivering aan korpse besorg word vir kennisname. Terselfdertyd word in dieselfde formaat verslag gedoen van die uitvoering van die vorige jaar se begroting.

18. TUG

18.1 Die volgende liggame sal oor tugbevoegdheid beskik:

18.1.1 Die dagbestuur van `n korps, met die reg van appèl na:

18.1.2 die korpsbestuur, met die reg van appèl na:

18.1.3 die dagbestuur van die Rapportryerraad.

18.2 Die dagbestuur van die Rapportryerraad is bevoeg om tug toe te pas en om vir die uitvoering daarvan reëls op te stel wat nie met hierdie Grondwet strydig is nie.

18.3 Die dagbestuur oefen tug uit oor korpse wat teenstrydig met die Grondwet van die Beweging (bylaes ingesluit) optree, terwyl die korpse verantwoordelik is vir die uitoefening van tugmaatreëls teen individuele lede.

18.4 Die verrigtinge by ‘n tugverhoor mag van tyd tot tyd en van plek tot plek verdaag word na gelang van omstandighede, met dien verstande dat by die voortsetting van sodanige verdaagde verrigtinge slegs lede van die dagbestuur teenwoordig mag wees wat by die oorspronklike verrigtinge teenwoordig was.

18.5 By alle tugverhore word die *audi alteram partem*-reël noulettend nagekom.

18.6 Enige aangeklaagde mag deur `n regsverteenwoordiger, wat `n Rapportryer moet wees, of deur enige ander Rapportryer bygestaan word.

18.7 Alle tugverhore word *in camera* gehou.

18.8 Die Rapportryerraad stel elke tweede jaar so gou doenlik na afloop van die Landsberaad, indien nodig, ‘n regskommissie aan bestaande uit lede van die Beweging, om appèlle van korpse en/of individuele lede oor die beslissings van die Rapportryerraad aan te hoor en uitspraak te gee.

19. ONTBINDING

Die ontbinding van die Beweging kan alleen geskied op ‘n buitengewone Landsberaad vir dié doel belê deur die Rapportryerraad ooreenkomstig die bepalings van subartikel 9.4.

Die ontbinding van die Beweging moet deur ten minste twee derdes van stemgeregdigde lede wat op die Landsberaad teenwoordig is, goedgekeur word.

Indien die Beweging op enige wyse ophou bestaan, gaan alle fondse na die organisasie(s) waarop daar tydens die ontbindingsvergadering besluit word, mits die organisasie(s) binne alle redelikheid dieselfde doelstellings as die Beweging het.

Fondse, winste of surplus inkomste van die Beweging sal onder geen omstandighede tussen die lede of vorige lede van die Beweging verdeel word nie.

20. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

Hierdie Grondwet mag alleen deur die Landsberaad gewysig word met ‘n twee derde-meerderheid van stemme van stemgeregtigde lede wat by die Landsberaad teenwoordig is.

PRESIDENT
RAPPORTRYERBEWEGING

VISE-PRESIDENT
RAPPORTRYERBEWEGING